Top 10 Bonsmara Veiling & Boeredag

P O Box 1945, Tsumeb
Tel: 067-221531 Fax: 067-221730

TOP TIEN BONSMARA VEILING & INLIGTINGSDAG - 18 tot 19 JULIE 2013 OP OTJIWARONGO BY DIE AGRA VEILINGSKRALE.

Die **Top Tien Bonsmara Veiling en Boeredag** poog daarin om die Namibiese beesindustrie se behoefte aan gesogte genetika van **goed aangepaste diere te voorsien**. As stoettelers het ons die verantwoordelikheid om sulke diere onder **ekstensiewe toestande** vir die produksie van vleis te teel wat terselfdertyd aan verbruikers se behoeftes voldoen. Gevolglik word die **Top 10 Bonsmara** veiling gehou om deur middel van **seleksie**, die **room van die top bulle wat deur verskeie Bonsmara-telers geteel is**, aan kopers beskikbaar te stel. Hierdie diere word **spesiaal vir die veiling geselekteer** volgens die beginsels van **funksionele doeltreffendheid** en **aanpasbaarheid.**

Diere wat aangebied word, is die produk van meer as **40 jaar van seleksie en teling** deur die onderskeie telers. Die gevolg is dat **goed aangepaste dieregenetika** van **Bonsmaratelers wat in verskillende geografiese gebiede** in Namibië geproduseer word op een veiling aan die industrie beskikbaar gestel word. Alle **diere is spesiaal geselekteer** om aan die vereistes te voldoen van die slagos-, speenkalf- en algemene boerdery-produksiestelsels. Die telers het hulself daartoe verbind om diere op hierdie veiling aan te bied wat **voldoen aan die beste moontlike kwaliteitstandaarde vir genetika, dierewelsyn en veeartseny-vereistes.**

Saam met die veiling word ’n inligtingsessie aangebied om die jongste tegnologie en verwikkelinge op die gebied van teling en boerdery met die boeregemeenskap te deel. **Die inligting behels verskeie aspekte van boerdery.** Kundiges op verskeie terreine is genader om hul kennis en die resultate van navorsing aan die Namibiese boere deur te gee. Onderwerpe wissel van **hoe om inligting te versamel en hoe om strategie uit te werk, dieresiektes en die identifisering daarvan tot finansiële beplanning vir aftrede.** Ons borge sal **Mnre Riaan Momberg, Kiep Lepen en Dr Martin Fereira aan die woord stel terwyl Me Dagmar Honsbein ook ‘n lesing sal aanbied.**

Inligtingsdag: 18 Julie 2013 (14:00)

1. **Tuinmaak en soortgelyke projekte**. Hierdie aksie is spesiaal gemik op **almal wat lief is vir tuinmaak**. Indien jy enige vrae oor tuinmaak, gifstowwe en wat om wanneer te plant het, moet jy **Riaan Momberg** se praatjie bywoon! **Toegang is gratis**.
2. **Dr Martin Fereira,** ‘n hoog suksesvolle veearts uit Suid – Afrika, het baie navorsing gedoen oor hoe om veesiektes te identifiseer en hoe om siektebeheer toe te pas. Kom luister vanaf **14:00** na hom.
3. **Me Dagmar Honsbein** van Agra se Professionele Dienste afdeling gaan met ons gesels oor inligting versameling en hoe om dit te gebruik om boerdery strategie te ontwikkel. Dit begin om **16:00**

4. **Old Mutual Namibia** gaan met ons gesels oor aftreebeplanning. Die lesing begin om **17:00.**
5. **Mnre. Kiep Lepen en Japie Bestebreurtje** gaan die veilingsdiere bespreek. Ons het dit later in die dag gemaak om almal die geleentheid te bied om die bespreking by te woon. **Mnre. Kiep Lepen en Japie Bestebreurtje** is beskikbaar om kopers van raad te bedien oor hulle potensiële keuses. Dit begin om **17:45.** Hierdie gedeelte word deur **Feedpro** aangebied. **Katalogusse** is op die perseel beskikbaar by die kantoor.
6. Die aand word afgesluit met ‘n **steak braai** vir aandete. Die etes is teen ‘n **billike bedrag te koop**. ‘n **Kontant kroeg** is ook beskikbaar**.** Standard Bank Namibia sal hierdie deel van die aand aankondig.
7. **Skakel 067-221531 indien u enige navrae mag hê of e-pos ons by info@wagnerbonsmaras.com. Die toegang is gratis, maar alle etes en verversings is vir u eie koste.**

Sluit gerus by ons aan vir twee opwindende dae en kom beleef hoe jy waarde tot jou kudde kan toevoeg deur middel van die Bonsmara!

Verblyf

Daar is verskeie baie goeie gastehuise in en rondom Otjiwarongo. Ons beveel sterk aan dat u so vinnig as moontlik plek sal bespreek, aangesien die navraag na plekke groot is. Die lys is as volg:

Hadassa B&B +264 67 307505
Bush Pillow B&B +264 67 303885
Out of Africa +264 67 303397
Out of Africa Town Lodge +264 67 302230
Lions Den +264 67 304205
C’est Si Bon +264 67 301240
Falconnest B&B +264 67 302616
Otjibamba Lodge +264 67 303133
Kamaku Guesthouse +264 67 307408
Frans Indongo Lodge +264 67 307946
Aloegrove Safari Lodge +264 67 306234
Otjiwa Safari Lodge +264 67 306671

Indien u nie plek kry nie, besoek **www. namibiareservations.com** vir moontlike verdere verblyf in die omgewing.

Top Tien Veiling: 19 Julie 2013 (10:00)

Die beginsel van die veiling is om ’n seleksie van die top bulle van elke teler tesame met stoet- en kommersiële vroulike diere aan te bied.

Samestelling van die veiling

- Ongeveer **55 geregistreerde, spesiaal geselekteerde, goed aangepaste bulle**, wat potensiële stoetbulle insluit.
- Ongeveer **100 geselekteerde stoet en kommersiële vroulike diere.** Die vroulike diere kan **oop of dragtig wees.**

Dragtige vroulike diere is sodanig gesertifiseer. Top diere is beskikbaar. Alle bulle is getoets vir vrugbaarheid en geslagsiektes. Ons moedig telers aan om teen BVD te ent. Die inentingstatus van alle diere sal met die veiling beskikbaar wees.

Pryse

Ons borge ken pryse toe aan:

- Koper van die duurste bul
- Koper van die meeste diere
- Teler van die duurste bul

Mnr. **Kiep Lepen** sal op **18 Julie 2013** die middag weer ’n **praktiese demonstrasie** lewer oor hoe die veilingsdiere geëvalueer moet word. Hy sal saam met mnr. Japie Bestebreurtje beskikbaar wees om **potensiële kopers met kundige advies by te staan**.
Soos in die verlede sal gratis vervoer met **karweiers van ons keuse** op die koper se eie **risiko na u naaste Agra veilingskrale gereël word. Die volgende bestemmings is ingesluit:**
Windhoek, Gobabis, Grootfontein, Otavi, Outjo, Kamanjab, Omaruru, Okahandja. Vervoer na die suide tot Mariental (indien ons genoegsame diere daarheen kan stuur om die vervoerkoste effektief te maak).Voornemende kopers **spaar ongeveer N$ 2400 per 100 km!**
Let asb op dat indien u van u eie vervoer gebruik maak, geen subsidie betaal sal word nie.
Neem kennis dat die koper verantwoordelik is vir die versekering van die diere wat hy gekoop het. As u spesiale vervoerreëlings het, sal die koste daarvan vir u eie rekening wees. Die organiseerdes behou die reg voor om vragte te kombineer na hulle goeddunke ten einde koste te bespaar.

Kontak gerus vir Kiep Lepen by +264811240648 en Ben Mouton by +264811228503. E-pos ons by info@wagnerbonsmaras.com.

Kom geniet ’n onvergeetlike gebeurtenis op die boerderykalender saam met ons!

Groete

Ben & Corlia Mouton